

GESKIEDENIS: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur

200 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n Bronmateriaalboekie van vyf bladsye (i – v). Maak asseblief seker jou vraestel is volledig. Haal die Bronmateriaalboekie uit die middel van die vraestel.
2. Lees die vrae sorgvuldig deur.
3. Alle vrae moet beantwoord word.
4. Hierdie vraestel bestaan uit:

Afdeling A, wat die volgende insluit:

- Visuele ontleding
- Tekstuele ontleding
- Media-ontleding

EN

Afdeling B, wat die volgende insluit:

Brongebaseerde vrae met benutting van die Bronmateriaalboekie

EN

Afdeling C, wat die volgende insluit:

Brongebaseerde opstel met benutting van die Bronmateriaalboekie

5. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae genommer is.
6. Laat 'n reël oop tussen jou antwoorde.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf. Werk op 'n ordelike wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.
8. Leerders moet aandag aan die punttoekenning gee. Tensy anders aangedui word, word twee nasienpunte vir 'n geldige antwoordpunt toegeken. Dit beteken dat 'n vraag wat vier nasienpunte tel, twee antwoordpunte vereis.
9. Gebruik die bronne wat verskaf is om jou antwoord te formuleer, tensy jy spesifiek versoek word om jou kennis te gebruik.

AFDELING A INDIVIDUELE BRONONTLEDING**VRAAG 1 VISUELE BRONONTLEDING**

Hierdie foto, wat in 1991 geneem is, toon 'n jong meisie wat op die omgevalle standbeeld van Lenin sit.



[Gerard Fouet/AFP/Getty Images, (1991). [AANLYN] Beskikbaar by: <<http://www.theatlantic.com/infocus/2011/12/20-years-since-the-fall-of-the-soviet-union/1000214/>> Toegang 18 Desember 14]

- 1.1 Gebruik jou eie kennis om kortliks die reeks politieke gebeure te verduidelik wat gelei het tot wat in die foto gesien word. Jou antwoord moet DRIE omvattende punte insluit. (6)
- 1.2 Wat dink jy wou die fotograaf oor kommunisme in hierdie foto wys? Verwys na die hooftokus van die foto om jou antwoord te ondersteun. (4)
- 1.3 Dink jy die foto het daarin geslaag om die atmosfeer in die USSR in 1991 vas te lê? Verduidelik jou antwoord deur jou eie kennis en 'n visuele leidraad in die foto te gebruik. (4)
- 1.4 Verskaf 'n geskikte bevooroordeelde opskrif om saam met hierdie foto te gaan indien dit in die volgende koerante verskyn het:
 - 1.4.1 'n Konserwatiewe Russiese koerant in 1991 (2)
 - 1.4.2 'n Patriotiese Amerikaanse koerant in 1991 (2)
- 1.5 Skryf EEN beperking van foto's as historiese bronne neer. (2)

[20]

VRAAG 2 TEKSTUELE BRONONTLEDING

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n artikel wat in 2012 deur FW de Klerk geskryf is, waarin hy nadink oor die wit referendum wat in Maart 1992 in Suid-Afrika gehou is. Hierdie artikel is deur die FW de Klerk Stigting uitgegee.

Aan die einde van 1991 het die Nasionale Party 'n sleuteltussenverkiesing in Virginia teen die Konserwatiewe Party verloor ... die Nasionale Party het nog 'n sleuteltussenverkiesing verloor – in Potchefstroom. **(Paragraaf 1)**

... Ons het 'n tyd gelede belowe dat ons een of ander tyd 'n referendum gaan hou om die wit kieserskorps* die geleentheid te gee om hul siening oor die onderhandelingsproses te gee. Ons nederlaag in Potchefstroom het my oortuig om dit so gou as moontlik te doen. Ek het dienooreenkomstig my besluit om 'n referendum te hou aan die NP-leierskap bekend gemaak ... die volgende oggend. Ek het nie die kwessie tot stemming gebring nie – wat ek moontlik wel sou kon verloor het – maar het besluit om my magte as partyleier te gebruik om self oor die kwessie te besluit. Ek was vasbeslote om te bedank indien ons die referendum sou verloor. **(Paragraaf 2)**

Die vraag wat ons op 17 Maart 1992 aan die kieserskorps gestel het, was: "Ondersteun u die voortsetting van die hervormingsproses waarmee die Staatspresident op 2 Februarie 1990 begin het en wat op 'n nuwe grondwet deur middel van onderhandelings gemik is?" **(Paragraaf 3)**

... Ek het gesê daar was 'n aantal kwessies waaroor ons nog eenstemmigheid* moes bereik. Dit het die voorkoming van dominasie en die misbruik van mag ingesluit ... [en] doeltreffende beskerming van minderhede ... **(Paragraaf 4)**

.... Ek is vas oortuig dat dit op 17 Maart 1992 was wat die oorgrote meerderheid wit Suid-Afrikaners uiteindelik en beslissend* hul rug op 350 jaar se wit oorheersing gekeer het. In my oorwinningstoespraak op 18 Maart 1992 het ek gesê hulle het die boek oor apartheid uiteindelik toegemaak. "Die wit kieserskorps* het, deur hierdie wegholoorwinning vir die JA-stem, na al ons landgenote*, na alle ander Suid-Afrikaners, uitgereik en die boodskap van hierdie referendum is: Vandag is, in 'n sekere sin, die werklike geboortedag van die nuwe Suid-Afrikaanse nasie." **(Paragraaf 5)**

Die mandaat* wat ons ontvang het, het ons in staat gestel om met die onderhandelings voort te gaan en om feitlik al die doelwitte vas te bind wat ek in my pre-referendumentoesprake gelys het ... **(Paragraaf 6)**

[Aangepas uit: FW de Klerk/FW de Klerk Stigting. 2012. *The 1992 referendum: Twenty years on* – FW de Klerk.

[AANLYN] Beskikbaar by:

<[http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/viewe/politicsweb/en/page71654?oid=286925&sn= Detal&pid=71616](http://www.politicsweb.co.za/politicsweb/viewe/politicsweb/en/page71654?oid=286925&sn=Detal&pid=71616)>. Toegang 16 Desember 14]

*kieserskorps – die kiesers

*eenstemmigheid – ooreenstemming

*beslissend – definitief

*landsgenote – medeburgers

*mandaat – die gesag om 'n beleid uit te voer

2.1 Gebruik jou eie kennis om die term "referendum" te omskryf. (2)

2.2 Gee EEN rede uit die bron vir De Klerk se besluit om 'n referendum in 1992 te hou.
(Paragraaf 2) (2)


- 2.3 Haal uit die bron aan om te wys dat die besluit om 'n referendum te hou 'n risiko vir De Klerk was. (Paragraaf 2) (2)
- 2.4 Was die referendum wat in 1992 gehou is 'n ware demokratiese proses? Ondersteun jou antwoord deur jou eie kennis en bewyse uit die bron te gebruik. (Paragraaf 5) (4)
- 2.5 Hoe is De Klerk se rol in die onderhandelingsproses in hierdie bron beskryf? Ondersteun jou antwoord met EEN bewysstuk uit die bron. (Paragrafe 3 en 5) (4)
- 2.6 Hoe betroubaar is hierdie bron vir historici wat die rol van De Klerk in die oorgang na 'n demokrasie in Suid-Afrika bestudeer? (6)
- [20]**

VRAAG 3 AKTUELE KWESSIE IN DIE MEDIA

Dit is 'n uittreksel uit 'n artikel wat in Desember 2014 in *Die Burger*, 'n Suid-Afrikaanse koerant, verskyn het.

**Obama se FW-oomblik
Sy nuwe vriendskap breek VSA en
Kuba se eie "Berlynse Muur" af**

Terwyl president Barack Obama en pres. Raúl Castro gelyktydig op landwye televisie in onderskeidelik die VSA en Kuba aangekondig het die diplomatieke en ekonomiese embargo* van 50 jaar tussen dié twee lande ophef gaan word, het die kerkklokke in die Kubaanse hoofstad, Havana, begin lui (**Paragraaf 1**) ...



Maar die interne hersieningsproses wat uitgeloop* het op die historiese aankondiging vandeeweeke kom 'n lang pad (**Paragraaf 2**)

... Ná die Kubaanse "bevryding" en die missielkrisis is diplomatieke betrekkings tussen die twee lande in Januarie 1961 verbreek en 'n algehele Amerikaanse ekonomiese en handelsboikot ingestel. (**Paragraaf 3**)

Met die Weste en Ooste in 'n dodelike Koue Oorlog gewikkel, was Kuba een van die slagoffers van 'n stryd tussen die VSA en die destydse Sowjetunie. (**Paragraaf 4**)

Deur Kuba te straf en ekonomies op sy knieë te probeer dwing, het die VSA gereken dit sal net 'n kwessie van tyd wees voor die Kubaanse bevolking in opstand kom teen hul nuwe kommunistiese leiers. (**Paragraaf 5**)

Maar die helpende hand van sy kommunistiese en sosialistiese bondgenote, sou president Fidel Castro en sy broer, Raúl, nog dekades lank aan die bewind hou. (**Paragraaf 6**)

Die 11 miljoen Kubane het swaar gely onder die embargo* (en waarskynlik nog meer onder die Marxistiese bewind): die gebrek aan vryheid van spraak en eiendomsreg, afwesigheid van vrye verkiesings, beperkte buitelandse bewegingsvryheid ... (**Paragraaf 7**)

Hoewel nie vergelykbaar nie, het Obama en Castro albei voor hul eie "Berlynse Muur" te staan gekom: Obama teen 'n halsstarrige* Republikeinse Party wat oor twee weke beheer oor die Amerikaanse huis van verteenwoordigers en die senaat sal verkry en hom geen ruimte laat om enige van sy beleidsprioriteite te verwesenlik nie, en die bejaarde Castro-broers wat die einde van hul kommunistiese utopie* finaal sien verkrummel voor die vernietigende uitwerking van 'n dramatiese dalende olieprys op hul bondgenote se ekonomieë ... (**Paragraaf 8**)

[Aangepas uit: Arrie Rossouw. 2014. Netwerk 24. [AANLYN] Beskikbaar by: <<http://www.netwerk24.com/nuus/2014-12-21-obama-se-fw-oomblik>> Toegang 22 Desember 2014]

*embargo – verbod

*uitgeloop op – gelei tot

*halsstarrige – hardkoppige

*utopie – ideaal

- 3.1 Gebruik die inligting in Paragraaf 3 en jou eie kennis om te verduidelik hoekom die outeur beweer die VSA en Kuba het hul *eie "Berlynse Muur"*. Jou antwoord moet uit TWEE omvattende punte bestaan. (4)
- 3.2 Gebruik jou eie kennis om te verduidelik hoekom Kuba beskryf word "*as een van die slagoffers van 'n konflik tussen die VSA en die destydse Sowjetunie*". (Paragraaf 4) (2)
- 3.3 Wat is die skrywer se gesindheid teenoor die Marxistiese bewind in Kuba? Gee TWEE aanhalings uit Paragraaf 7 om jou antwoord te ondersteun. (6)
- 3.4 Gebruik die bron om te verduidelik voor watter probleme Obama en Castro te staan gekom het in hul poging om hul *eie "Berlynse Muur"* af te breek. (Paragraaf 8) (4)
- 3.5 Die opskrif van die artikel verwys na FW de Klerk (FW-oomblik). In die konteks van die artikel en jou eie kennis, verduidelik hoekom die skrywer Obama met FW de Klerk vergelyk het. Jou antwoord moet uit TWEE omvattende punte bestaan. (4)

[20]

60 punte

AFDELING B BRONGEBASEERDE VRAE

Bestudeer die bronne wat in die Bronmateriaalboekie vervat is en beantwoord dan die volgende vrae:

Verwys na Bron A

1. Gebruik jou kennis om die naam van die plan te identifiseer en haal 'n frase uit die bron aan wat te kenne gee dat hierdie toespraak demokrasie wou bevorder. (4)
2. Gebruik jou eie kennis en noem die ekonomiese plan wat deur die Sowjetunie aangeneem is in reaksie op Marshall se toespraak. (2)

Verwys na Bron B

3. Gebruik jou eie kennis om die term "*insluiting*" te omskryf soos wat dit deur die skrywer van hierdie bron gebruik is. (2)
4. Skryf TWEE aanhalings uit die bron neer wat aandui dat 'n gespanne verhouding besig was om tussen die VSA en die Sowjetunie te ontwikkel. (4)
5. Het Bron B 'n onbevooroordeelde siening van Sowjetbeleid gebied? Verduidelik jou antwoord kortliks. (4)

Verwys na Bron C

6. Die skrywer stel 'n verandering in VSA-beleid in 1947 voor. Gebruik jou eie woorde om te beskryf hoe hierdie beleid verander het. Jou antwoord moet DRIE punte bevat. (6)

Verwys na Bron A en C

7. Verduidelik hoe die interpretasie van die toespraak in Bron C van sy oorspronklike bedoeling in Bron A verskil. Jou antwoord moet uit DRIE omvattende punte bestaan. (6)

Verwys na Bron D

8. **Gebruik Bron D om die volgende vrae te beantwoord. Skryf slegs die antwoord neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)**
 - 8.1 Is hierdie foto 'n primêre of sekondêre bron? (2)
 - 8.2 Noem die gebeurtenis wat in hierdie foto vasgelê is. (2)
 - 8.3 Noem die stad waar hierdie foto geneem is. (2)
 - 8.4 Is die foto vanuit 'n Westerse of Sowjet-perspektief geneem? (2)
 - 8.5 Watter leidraad in die foto dui op toenemende spanning tussen Ooste en Weste? (2)

Verwys na Bron E

9. Gebruik jou eie kennis om die historiese konteks te beskryf wat tot Kennedy se toespraak gelei het. (4)
10. In sy toespraak herhaal Kennedy die frase "Laat hulle na Berlyn toe kom". Oorweeg die inhoud van die toespraak en verduidelik wat Kennedy oor die verskille tussen kommunisme en kapitalisme probeer beklemtoon. Jou antwoord moet TWEE punte bevat. (4)

Verwys na Bron D en E

11. Hoe bevestig die foto (Bron D) die stellings wat deur Kennedy (Bron E) gemaak word om die situasie waarvoor die Berlynse volk te staan kom, te beskryf? Ondersteun jou antwoord met bewyse uit ALBEI bronne. (8)

Verwys na Bron F

12. **Gebruik die bron en ook jou eie kennis om te sê of die volgende stellings WAAR of VALS is. Skryf slegs WAAR of VALS neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)**
- 12.1 Die enigste rede hoekom China die VSA gedurende die Koue Oorlog bedreig het, was omdat hy die grootste bevolking gehad het. (2)
- 12.2 China en die VSA se verhouding het verander as gevolg van die Sino-Sowjet-skeuring. (2)
- 12.3 Een van die redes vir die Sino-Sowjet-skeuring was die verskillende interpretasies van Marxisme. (2)
- 12.4 China is in die 1960's en die 1970's as 'n supermoondheid beskou. (2)
- 12.5 Na die Sino-Sowjet-skeuring het die Koue Oorlog nie meer net oor spanning tussen die USSR en die VSA gegaan nie. (2)

Verwys na Bron G

13. Gebruik jou eie kennis om te verduidelik wat Khrushchev met "vreedsame saambestaan" bedoel het en hoekom Beijing hierdie beleid verwerp het. (4)

Verwys na Bron F en G

14. Gebruik jou eie kennis om kortliks te identifiseer wie die volgende persoonlikhede was:
- 14.1 Mao Zedong (2)
- 14.2 Nikita Khrushchev (2)

15. **Vind 'n historiese konsep in Bron F of Bron G wat die beste by elk van die volgende omskrywings pas. Skryf slegs die historiese konsep neer. (Geen verduideliking word vereis nie.)**

- 15.1 'n Land, soos die VSA, wat wêreldgebeure domineer. (2)
- 15.2 Elke land het gelyke militêre en politieke mag. (2)
- 15.3 Die politieke stelsel wat 'n samelewing wil skep waarin almal gelyke geleenthede het en waar die belangrikste nywerhede deur die hele gemeenskap besit en beheer word. (2)
- 15.4 Glo aan nuwe idees en volkome verandering in die samelewing. (2)
- 15.5 Die politieke stelsel wat 'n gelyke samelewing wil skep waar die nywerheid en infrastruktuur deur die regering besit en bedryf word tot voordeel van die hele gemeenskap. (2)
- 15.6 Konflik tussen lande wat verskillende ideologieë beoefen wat nie op oorlog uitloop nie. (2)

Verwys na Bron H

16. Verduidelik kortliks watter boodskap die spotprenttekenaar probeer oordra. Maak seker jy verwys in jou antwoord na TWEE visuele leidrade wat die spotprenttekenaar gebruik om hierdie boodskap oor te dra. (6)

90 punte

AFDELING C BRONGEBASEERDE OPSTEL

Gebruik Bron A tot H in die Bronmateriaalboekie om 'n brongebaseerde opstel oor die volgende onderwerp te skryf:

In watter mate is die tydperk van die Koue Oorlog van 1947 tot 1971 gekenmerk deur gespanne betrekkinge tussen die VSA en die USSR?

Maak seker jy gebruik die bronne wat verskaf is om jou argument saam te stel en onthou om per letter na die bronne te verwys.

50 punte

Totaal: 200 punte